# cantando@bloem

In 2009 sien cantando@bloem die lig om volwasse koorsangers van Bloemfontein ’n geleentheid te gun om uiting aan hul liefde vir koorsang en musiek te gee. cantando@bloem is ’n semi-professionele gemeenskapskoor met ’n eklektiese repertorium wat beide gewyde en sekulêre werke insluit. Die koor spog ook met etniese werke wat baie gewild is.

Groter werke uit die standaard koorrepertorium sluit in:

- Haydn se Nelsonmis;
- Beethoven se negende simfonie;
- Die popkantate, *Holy Moses*;
- Carl Orff se *Carmina Burana*;
- Mozart se *Missa et in honorem sanctissimae trinitatis;*
- Uittreksels uit die Messias van Handel; en
- Die Mozart Requiem.

Die koor staan onder leiding van Werner Stander en die begeleiding word deur Maretha Steyn behartig.Werner het in 2015 sy Meestersgraad in koorleiding aan die Universiteit van die Vrystaat onder die leiding van Lance Phillip verwerf.

In 2015 het cantando@bloem na Italië en Oostenryk getoer om onder andere aan die agtiende Alta Pusteria-koorfees in die Suid-Tiroolgebied van Italië deel te neem. cantando@bloem was een van 73 kore van regoor die wêreld wat aan die 2015-koorfees deelgeneem het. Benewens die internasionale konserttoer het die koor ook al konserttoere onderneem na:

- Oos-Kaap;
- Suid-Kaap;
- Gauteng;
- Namibië;
- Oos-Vrystaat;
- Suid-Vrystaat; en
- Noord-Kaap.

Die koor het oor die jare verskeie suksesvolle optredes gelewer, maar ’n groot eer het die koor te beurt geval toe hul ’n toekenning ontvang het vir hul deelname aan die Mozart Requiem (o.l.v. Louis van der Watt), wat as die beste debuut musiekproduksie van die 2017-Vrystaat Kunstefees aangewys is. Die koor het ook ’n uiters suksesvolle jaarkonsert in die Odeion op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat gehad en sluit 2017 af met ‘n oortuigende uitvoering van die Fauré Requiem en John Rutter se *Feel the Spirit* (o.l.v. Alexander Fokkens) in die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein.

‘n Hoogtepunt van 2018 is dat die koor die 10de Wêreldkoorspele in Pretoria bywoon en ook daar gaan optree. Die koor is opsoek na tenore en basse maar enige stemme is welkom om ‘n oudisie af te lê.

Oudisies word op Maandagaand, 22 Januarie 2018, om 18:00 in die St. Michaels School for Girls se Kapel gehou. Belangstellendes kan ‘n afspraak maak by:

Elzanne Kruger (Sekretaresse) krugerelzanne@gmail.com / 082 323 5728